PRYSBERAMING VIR ‘N PROJEK

Aanbieding by Pretoria Houtwerk Vereniging 25 Mei 2022

Aangebied deur Willie Marneweck

INHOUD

Slegs van toepassing op beramings:

- waar dit ‘n privaat aangeleentheid is (nie ‘n winsgedrewe besigheid nie)
- om ‘n kwotasie te doen
- vir ‘n enkele kliënt
- vir een item of ‘n aantal van dieselfde items
- in kompetisie teenoor ander kwoteerders of sonder kompetisie.

UITGANGSPUNTE OM IN AG TE NEEM

- dat prysberamings nie ‘n eksakte proses is nie
- ons voeg waarde by materiale om ‘n produk te maak
- die materiale in die produk bring nie wins nie
- ’n hanteringsfooi vir materiale (sê 15 %) is bedoel vir afhaal en klein verliese
- oorhoofse uitgawes soos elektrisiteit, verbruikbares, versiening van masjiene, ens kan nie maklik bereken word nie

UITGANGSPUNTE OM IN AG TE NEEM

- dinge soos beserings, skades en masjien brekasies, en gepaardgaande kostes, is nie ‘n faktor nie
- mens kan nie verwag om ‘n hoë arbeidsprys te vra omdat jy stadig werk en/of sukkel)
- indien sekere materiale (uit eie voorraad) of vir ‘n lae prys verkry word kan huidige werklike pryse inbereken word
- ongeag in watter opsig die prys beraam word, in kompetisie of nie, dit moet aanneemlik wees

HOE LYK ‘N PRYSBERAMING? METODE

‘n Beproefde metode

- die prys is die som van materiaal koste, arbeid koste en oorhoofse koste
- oorhoofse koste soos elektisiteit, masjien hersiening, ens, nie berekenbaar
- oorhoofse koste kan dus net in die uurtarief ingebou word (8 – 10%)
- daar moet eers ‘n konsep ontwerp gedoen word (tensy alles klinklaar is)
- in die beraming skei materiale en arbeid (onthou toegevoege waarde)

HOE LYK ‘N PRYSBERAMING? MATERIAAL

Materiaal beraming:

- voeg 10% of 15% bo op alle materiaal pryse vir hanterings kostes
- identifiseer alle betrokke materiale, soos hout, bord, glas, skarniere, laaispore, afwerking, ens.

HOE LYK ‘N PRYSBERAMING? MATERIAAL

Soliede hout is meestal die belangrikste

- onderskei verskillende diktes (bv tafel pote en blad)
- stel klein tabelle op vir elke dikte en doen beste beraming
- werk op saagmeul diktes (bv 25 mm of 38 mm) en nie finale diktes nie
- werk ‘n faktor van 30 % by vir verliese soos afsnyers en planke wat te wyd is

HOE LYK ‘N PRYSBERAMING? MATERIAAL

Bord: gebruik weer tabelle om al die stukke te bereken

- wees versigtig, borde word net in vol velle verkoop
- werk ‘n faktor an 20% in vir sny oorskot, werk tot naaste vol vel
- bord verskaffers kan net vol velle kwoteer by gebrek van snylyste

Hardeware: dit is meestal die maklikste om te bereken

- **“buite”** werk kostes bv opsny van borde

HOE LYK ‘N PRYSBERAMING? ARBEID

Arbeid beraming

- dit is die wen of verloor beraming
- die hoeveelheid ure vir ‘n werkstap word meestal onderberaam!
- is daar ‘n aantal van dieselfde item? Eenheids koste, minder maar hoeveel?
- aantal ure: breek die projek op in al die werkstappe

HOE LYK ‘N PRYSBERAMING? URE

Beraam ure nodig vir elke werkstap. Dit hang saam met konsep ontwerp

1. Maak van tekeninge
2. Spesiale setmate
3. Voorbereiding van soliede hout items
4. Konstruksie voorbereiding stappe, bv tapgate/penne, “biscuits”
5. Maak van deure
6. Maak van laaie
7. Samestelling van konstruksie
8. Skuurwerk
9. Afwerking
10. Finale werk soos handvatsels, slotte, ens (aflewering)

HOE LYK ‘N PRYSBERAMING? UURTARIEF

- mees problematiese aspek
- tarief behoort oorhoofse kostes in ag te neem
- vakman se ervaring en werkspoed is belangrik
- vir hoeveel/hoe min is jou arbeid werd (verhoog met 8 – 10% oorhoofs)
- onervare persoon moet die “leerskool” – faktor onthou
- tarief vir komplekse projekte hoër as “kassa-planke”

HOE LYK ‘N PRYSBERAMING? KWOTASIE

- Die prys, oftewel die kwotasie is die som van materiaal koste plus arbeid koste.
- Arbeid koste is die produk van aantal arbeid ure beraam x uurtarief